



**Hannes Venter (Boeta)**

*27 Augustus 1994 – 23 September 2012*

**Deur sy ma, Colette Venter**

*27 Augustus 2012*

Dis 'n Maandag, en ek laai jou om 2:00 by die skool op – jy is so opgewonde, want vandag is jou 18de verjaarsdag, en vandag kry jy jou geskenk waarvoor jy al meer as 'n jaar wag: Jou eerste ryding wat Oupa en Ouma vir jou gekoop het. 'n Wit Ford Figo, nommerplate klaar op. Ons neem foto's en gaan mal by die motorhandelaar. Jy bestuur jou motortjie self uit die vertoonlokaal en Oupa sit langs jou. Jou sussies Simone en Anri ry saam, en jy is tog so trots op jou wiele.

Dit is wat ek onthou van daardie dag.

*27 September 2012*

Dis presies 30 dae ná jou 18de verjaarsdag. Dis weer 2:00 die middag. Maar dié keer staan ons voor 'n kerk saam met jou. Jy in 'n houtkis. In 'n lykswa, met 'n groot ruiker bo-op die kis; die heldergeel rose in die ruiker is pragtig.

Voor in die kerk is daar 'n groot foto van jou – jou matriekafskeid-foto, so mooi – en langs die foto is groot silwer kandelare met wit kerse en 'n ruiker. Dieselfde soort blomme as dié op jou kis.

Daardie dag het ons jou gegroet, my kind. Die kerk was stampvol; dit het my onkant betrap.

Net soos ek stom was toe ek jou gekry het, vier dae vantevore, op 23 September.

Ek het vir jou 'n reissak gepak, my kind, om saam te neem op hierdie nuwe onbekende reis van jou wat op 23 September 2012 begin het.

Ek rol alles mooi op sodat alles in die sak kan pas. Die plek is min, maar onder in die sak pak ek vir jou Vrede. Dit neem omtrent driekwart van die spasie op. En dan pak ek vir jou Rus en Genade en Geluk. Die sak is vol en wil skaars toe, maar Liefde moet ook nog plek kry, en ek rol dit in klein bondeltjies op, maar dit syfer soos vloeistof tussen Vrede, Rus, Genade en Geluk deur, en nou is al die spasie opgevol, en met moeite is die sak uiteindelik toe... Ag nee, hier lê nog Herinneringe! Ek wil die sak oopmaak, maar beseft jy gaan dit nie nodig kry nie, my kind. Herinneringe gaan vir jou niks beteken daar waar jy gaan nie. Ek besluit om die herinneringe uit te deel aan almal wat jou ken, en selfs aan dié wat jou nie ken nie. Ja, ek sal dit vir ons hier hou en vertroetel, want dit is kosbaar, my kind – “Priceless”.

*23 Januarie 2013*

Vandag is dit vier maande later, en my verstand en hart baklei nog steeds teen mekaar, en glo my, daar is geen wenner nie. Dit is net te onwerklik. Ek glo nie dit kan ooit werklik voel nie.

*23 September 2013*

'n Jaar is verby. My hart is lig vandag, dit voel of ek vrede het – vir vandag. Nie 100% nie, want party dae is die vrede 0%. Ek verlang jou baie, en die gevoel is nog so onwerklik. Baie keer voel dit vir my, en dink ek dit – want dit maak dit makliker – dat jy net iewers heen is en later weer terugkom huis toe.

Ek kan vir geen mens hierdie gevoel beskryf nie. Ek betrap myself selfs een aand dat ek vyf messe en vurke uit die laai tel. Kan jy dit indink, ek is mos ná 'n jaar veronderstel om te weet jy is nie meer hier nie.

Maar my kind, jou dood mag en sal nie verniet wees nie. Iets sal hieruit kom, want God sê “Ek het 'n plan vir jou ...”

*23 Junie 2014 – 21 maande*

My liefste kind, ons Abba Vader weet van beter.

Jy het gesê jy wil veras word, maar jy het niks gesê wat ons met jou as moet doen nie. Daarom het ek besluit om jou as by Sodwana te strooi, op 23 September 2013.

Die hele tyd het ek hierdie gedagte eenkant gesit; waarom weet ek nie. Ek het getob en gewonder: Hoe gaan ek dit doen?

Eenkant, naby 2 Myl, het ek eers beplan, met foto's, rose, kerse en wit duiwe. Dit sou net 'n paar van ons wees. Toe vra Simoné: “Asseblief, Ma, nie dit nie, dit gaan te veel wees!”

Maar ek wou hê almal moet jou onthou. Ons mag jou nie vergeet nie! En wat anders kon ek vir jou doen? Niks meer nie...

Goed, my tweede keuse sou dan wees om jou as in die diepsee te strooi. Ek het beplan om iemand te kry om ons op die diepsee uit te neem. Toe begin ek weer wonder: Wie gaan die as uit die kisse haal? Wie gaan die as strooi? Wie sou saamgaan? Nie almal is dapper genoeg om op die diepsee uit te gaan nie. Sou

enige een kans sien hiervoor? Ek het geworstel met my gedagtes, en elke keer wanneer ek daaraan gedink het, het ek so 'n beklemming op my bors gekry.

Toe die gesprek met Oupa en Ouma. Hulle vra dat ek asseblief moet nadink. Anri het met Ouma gepraat en dit was vir Anri moeilik dat ons jou as iewers sou strooi; sy wou jou as hou in die kissie. En Oupa en Ouma het ook gesukkel; die gedagte was vir hulle ook net te veel.

Wat 'n verligting was dit nie vir my nie, my kind! Ek sou dit nie kon doen nie, want dit sou beteken jy sou vir altyd weg wees.

So, op 27 September 2013, om 2:00, presies een jaar ná jou gedenkdien, staan 'n paar van ons weer by die Ronde Kerk, hierdie keer om die kissie met jou as te kom bêre. 'n Rusplekkie het ons vir jou gekry, en wat 'n ligter gevoel was daar nie in my hart nie. Ek het vir jou die mooiste ruiker gekry, en daar het kerse gebrand. Dominee Koos, hy het jou ook gedoop, het vir ons uit die Bybel gelees en afgesluit met 'n gebed. Toe het ons gekleurde ballonne vrygelaat, en terwyl die ballonne verder en verder die lug in verdwyn het, is die kissie verseël met 'n marmarsteen.

Boeta, almal was hartseer, en het so na jou verlang, maar die gevoel in my hart was ligter, dit was net so onverklaarbaar, my kind. Ons laaste totsiens was gesê.

Die velange bly, my kind, maar ek het troos. Sondae gaan kuier ek vir jou en bring blomme en gesels met jou. Saans is jy in my drome, gedurende die dag is jy in my gedagtes, maar elke oomblik is jy in my hart.

My grootste vrees was dat daar 'n dag sou kom wat ek nie vir daardie dag aan jou sou dink nie, maar Jesus help my om elke dag al die mooi te onthou, want *if someone you love becomes a memory, that memory becomes a treasure.*

*21 Oktober 2015*

Ek dink na oor nog 'n jaar wat verby is, nou al net meer as drie jaar. Alles voel nou ligter. Die enigste wat oorgebly het, was jou 21ste verjaarsdag, en van nou af het ons net die herdenking van jou verjaarsdag en jou Hemelse geboortedatum, jou sterfdag.

Op jou 21ste het ons die dag herdenk deur dinge te doen waarvan jy so baie gehou het – ons afsluiting van die dinge waaraan ons bly vasklou het. Maar dit maak geen verskil nie. Jy bly elke dag in my gedagtes. En vir ewig in my hart.

Love U Lots  
Mamma